# Inspirasie vir ’n nasie

**Anim van Wyk**
Onder vier oë



Op ’n dag verlede jaar het die musikant Sipho (Hotstix) Mabuse verby die hoërskool naby sy huis in Soweto gery. ’n Bord het sy aandag getrek: Skryf in vir gr. 12.

Daar en dan het hy omgedraai en by die Peter Lengene-onderwyssentrum vir volwassenes gaan aanmeld, want dit het altyd gehaper dat hy nooit sy skoolloopbaan voltooi het nie.

“Toe alles vir my as musikant begin gebeur het, het ek vergeet dat ek ’n skolier was,” vertel Mabuse (60) in sy huis in die buurt Pimville. Hy is toegewikkel in ’n mus en warm top met ’n logo van Nelson Mandela-dag op, sy oë groot agter die swartraambril.

“Skielik was daar al die matriekdanspartytjies waarop ons opgetree het. Ons was die gemeenskap se helde.”

Maar verlede Vrydag kon hy uiteindelik nóg ’n prestasie agter al sy musieksukses skryf.

Matriek.

■■■

Hy het nooit al die ophef verwag nie, sê Mabuse. Sedert hy verlede Vrydag gehoor het hy het geslaag, het pres. Jacob Zuma hom gelukgewens en joernaliste van so ver as Spanje, Kanada en Duitsland gebel. Net Maandag het hy agt onderhoude toegestaan.

“Ek dink dis hoekom ek verkoue het,” sê Mabuse, sy sagte stem selfs sagter. “Ek was gedaan.”

Ons sit voor die onaangesteekte kaggel in sy leefvertrek wat pampoengeel geverf is. ’n Stel Britannica-ensiklopedieë staan op die boekrak, neffens biografieë van Mandela en Mbeki en reisgidse vir Egipte en Jordanië.

Mabuse het grotendeels hier in Soweto grootgeword. Sy vroegste herinnering is van die sangoma wat oorkant hulle gewoon en hom op die tradisionele tromme touwys maak het.

“Ek was een van die nuuskierigste kinders wanneer daar ’n vergadering van tradisionele genesers was. Die sangoma moes seker agtergekom het dat ek graag soontoe gaan, elke keer na die tromme toe.

“Eendag het hy my genooi: ‘Kom, kom en speel’. En ek het die trom begin speel en ek skat dit het my liefde daarvoor aan die gang gesit.”

Mabuse het aan die Orlando West High School keteltrom in die kadetorkes gespeel. Vriende wou ’n orkes begin om geld te verdien, maar het ’n tromspeler én instrumente gekort.

“Ons het iemand wat ons musiekinstrumente sou borg, begin soek. Dit was moeilik. Maar ’n bokser, ’n kampioen, het toe ’n spesiale geveg aanvaar. Hy het op die trein na Kaapstad geklim om daar te gaan boks.

“Op pad terug het hy ons gebel en gesê: ‘Ek het vir die geld vir julle ouens!’ Hy het ons toe na ’n musiekwinkel gevat en ek het my tromstel gekies.

“Maar ek het nog nooit vantevore op ’n volle tromstel gespeel nie. Ons eerste vertoning was *awesomely disastrous*,” sê Mabuse. “Ons is letterlik van die verhoog af gejaag weens my swak spel. En toe het ek begin oefen. Ek sou my toesluit in ’n kamer en agt uur lank net speel, speel, speel.”

Mabuse sit sy groot hande met die stewige vingers oormekaar. Dit lyk of hy ’n tromstokkie met hulle kan stukkend druk.

Hy het sedertdien ’n rits ander instrumente (soos die saxofoon, fluit en klavier) leer speel, maar dis sy tromspel wat hom die bynaam Hotstix besorg het.

Een aand was die krag af. Mabuse was ál een wat kon bly speel: ’n halfuur lange solovertoning. Ná die tyd sê ’n kollega: “Hau, Hotstix, uyatshisa (jy kook).” Hotstix het vasgesteek.

■■■

The Beaters, Mabuse se hoërskoolorkes, is later tot Harari hernoem en nadat hulle uitmekaar is, het hy ’n suksesvolle sololoopbaan gehad. Van die album waarop hy die treffer “Burnout” sing, is in 1985 ’n halfmiljoen eksemplare onder swart én wit verkoop.

Mabuse het in die 1980’s twee jaar in Los Angeles gewoon en ook ’n ruk lank huise in die “suburbs” (Lyndhurst en Parkhurst in Johannesburg) gehad.

“Dit was sonder betekenis, want dit het geen uitwerking op my lewe gehad nie. My siel is hiér. Ek word musikaal beïnvloed deur my fisieke omgewing. Later het ek agtergekom ek leef meestal in Soweto en slaap net in die ‘suburbs’.”

Benewens sy huis in Pimville het Mabuse ook ’n plaas by Hekpoort wat hy sowat vyf jaar gelede gekoop het.

“Miskien herleef ek die herinneringe van my kindertyd en van my ouma se plek by Memel in die Vrystaat. Hulle het beeste en skape gehad.”

Nadat sy ouers geskei is, het Mabuse en sy kleinsus ’n rukkie by hulle gaan woon. “Al was dit nie die lewe wat ek toe wou gehad het nie, het ek later besef dit was een van die mooiste ervarings,” sê Mabuse. “Ek sien uit daarna om ’n goeie boer te wees.”

Deur sy plaas leer Mabuse Afrikaanse mense ken. Hy het ook vanjaar met die nuusleser Riaan Cruywagen saamgewerk om ’n reeks grappige video’s vir die Suid-Afrikaanse musiektoekennings (Samas) te maak.

“Ek sê altyd dis so hartseer wat apartheid in hierdie land gedoen het, want party van ons landgenote is die wonderlikste mense, veral dié in die Afrikaanse gemeenskap.

“Weens apartheid het ons gedink hulle is die slegste mense om mee saam te leef. Dis eers wanneer jy met hulle begin meng dat jy agterkom hulle is sulke pragtige, pragtige mense.

“As ek probleme het op die plaas, is die eerste mense wat ek sal bel die boere. Ek het in die modder vasgesit en daardie mense sal middernag opstaan – Fanie Engelbrecht, Peet, Roelf . . .” tel Mabuse op sy vingers.

“Jy sien hulle uit verskillende rigtings op hul trekkers kom, almal net om my uit te sleep en dis laat in die nag. Hoeveel mense doen dít?”

> **“Een aand was die krag af. Net Mabuse kon bly speel. Ná die tyd sê ’n kollega: “Hau, Hotstix, uyatshisa (jy kook).” Hotstix het vasgesteek.**

■■■

Noudat Mabuse matriek het, sal hy hopelik sy volgende album voltooi. Tussendeur gaan hy ’n universiteit soek waar hy vir ’n graad in die etnologie van musiek kan studeer.

“Ek wil klas draf, want ek wil nie weer gaan waardeur ek met matriek is nie. Ek wil na ’n klas gaan waar daar ’n lektor en ander studente is; onderrig word.”

Mabuse het smiddae tussen 15:00 en 18:00 klas gehad. Hy moes egter heelwat selfstudie doen omdat hy dikwels moes weggaan vir werk.


Etnologie (volkekunde) was sy gunstelingvak en wanneer hy eersdaags sy matrieksertifikaat kry, sal dit saam met Sotho, Engels, bedryfsekonomie, bedryfsrekeningkunde, geskiedenis en aardrykskunde daarop pryk.

Mabuse beduie na die boek *Out of Africa’s Eden – The Peopling of the World*. “Dis hoekom ek daardie boek het,” sê Mabuse. Dit handel oor hoe moderne mense se DNS almal na dieselfde oermoeder teruggespeur kan word. Mabuse stam van die Khoisan af en hy wil graag meer navorsing daaroor doen.

Hy het ses kinders. Met hulle was hy onverbiddelik: elkeen móét matriek voltooi. Al is hulle soos sy jongste, Biko (10), ’n belowende musikant.

Hoewel musiek vir hom soveel voorregte gebring het, voel Mabuse nou vir die eerste keer “afgerond”.

Een klein sertifikaat; een groot inspirasie vir ’n nasie.




**Musiek sus sy siel, meen Sipho (Hotstix) Mabuse, wat pas op 60 matriek geslaag het. “Ek het lof van die ganse nasie gekry,” sê hy oor die gelukwensing van selfs pres. Jacob Zuma.** Foto: CORNEL VAN HEERDEN

## Daar word net nie werklik geglo nie

**Johan Smit van Edenvale skryf:**
Ek reageer op die artikel van emeritus professor Hannes van der Walt van die Noordwes-Universiteit, “Een wêreld groei, die ander krimp” (*Beeld*, 2 Augustus).

Die wydverspreide idees oor die bestaan van ’n God toon hoe verwarrend idees oor en vir die bestaan van God is. Dit verteenwoordig nie ’n bewys vir die bestaan van enige God nie, want idees oor God is verwarrend en het versprei deur kontak tussen volke.

Dit is bewys deur die Chinese, wat duisende jare lank geen kontak gehad het met volke wat idees oor die bestaan van God gehuldig het nie. Hulle glo nie aan God nie omdat hulle bloot filosofies onderrig is deur die lewe en idees van Boeddha en Confucius totdat kommunisme hulle gegryp het – steeds geen geloof in God nie!

Tweedens, geloof bestaan wel, maar die omvang daarvan krimp soos wat kennis versprei! Geloof is onderworpe aan die vestiging van kennis, vandaar dus woorde soos “bygelowig” en “ongeloofwaardig”!

Dit bewys punt 2 in Hannes se artikel toevallig as waar: onkunde vestig stories; kennis suiwer dit.

Dat mense se lewe wel uit twee kompartemente – kerklik en alledaagse lewe – bestaan, word in Goeie Nuus deur Stephan Joubert bevestig! Dit bewys dat die “kerklike” algemeen verwaarloos word!

Hoekom? Ek dink dit word eenvoudig net nie werklik geglo nie (Paulus in Galasiërs 5:13-15)!

## Bulle werf die plattelandse skole leeg

**Rugby-ondersteuner van Mookgophong (Naboomspruit) skryf:**
Die brief “Skole ontwikkel self ook spelers” (*Beeld*, 3 Augustus) het betrekking.

Die skrywer het ons afrigters, veral uit die Blou Bulle se plattelandse voedingsgebiede, se volle ondersteuning.

Volgens die Bulle se Bloudruk vir Skolerugby is daar al 47 gekontrakteerde spelers uitgeplaas by die sogenaamde geïdentifiseerde Pretoria-skole, waarvan die Hoërskool Centurion een is.

Hierdie uitverkore skole misbruik ook nou die situasie as ’n bemarkingsfoefie om hul skole met hoopvolle rugbytalent te vul.

Die Bulle maak ook die stelling dat net twee van die Bulle se Cravenweekspan nie gekontrakteer is nie. Watter kans het die ander gewerfde rugbytalent by die Bulle?

U vraag oor die volhoubaarheid van die beleid bekommer my ook geweldig. Dit is nie haalbaar nie en ek wag vir die dag dat ’n afrigter ’n skool hof toe gaan sleep oor die kopery.

Die tradisionele plattelandse rugbyskole en -afrigters moet heeltyd keer om hul spelers te behou en rig heeltyd met die mes teen die keel af. Die krag van mediumskole lê op die platteland, wat nou leeg gewerf word.

’n Jaar of wat gelede, toe die Blou Bulle op die kruin van die golf gery het, was die president, afrigter en kaptein al drie uit Limpopo Platteland.

En die Sharks en Luiperds kontrakteer die Hoërskool Hans Strijdom se belowende spelers.

Stuur maar vir ons jul seuns dat die talentsoekers of die Bulle hulle weer kan terugkoop! Daar is topskole in Limpopo met top-rugby-afrigters wat self spelers ontwikkel.

## Moenie God soek in wat jy nie verstaan

**Dr. W. Wenzel van Montanapark skryf:**
Die artikel “Een wêreld groei, ander krimp” (*Beeld*, 2 Augustus) het betrekking.

Daar is minstens ’n derde argument hier. Ek glo in God, maar weet dat wetenskaplike kennis nie my van God kan verdryf nie, maar my eerder na aan Hom bring. Onder meer verstaan ek die evolusie as ’n feit. En ander nuwe uitvindsels dwing my nie weg van God nie. Ons moenie God soek in wat ons nie verstaan nie.

Die dualisme waarvan Hannes van der Walt skryf, kan verander word deurdat die kerk bewus raak en preek dat onkunde nie God laat bestaan al dan nie.

## Leerlinge behoort in opstand te kom

**A. van der Plaats van Centurion skryf:**
Dit begin duidelik word dat die studente-opstand in Soweto op 16 Junie 1976 min met die onderwysomstandighede as sulks te doen gehad het.

Hoekom anders word die huidige onderwysstelsel se tekortkominge so gelate aanvaar? Daar is onvoldoende skole, onbehoorlike skoolgeboue, ’n tekort aan lessenaars, boeke wat nie betyds beskikbaar gestel word nie, ensovoorts.

Op die keper beskou, behoort die leerlinge van vandag as een man in opstand te kom teen die huidige onderwysdepartement wat hulle so in die steek laat soos wat dit die laaste tyd duidelik geword het.

## Wat sê jy? Stuur ’n SMS na 45571

Die slagting op ons paaie kan nie so aangaan nie. Waar is die duisende verkeersbeamptes wat elke maand salarisse verdien? **– Stephen**

SA kry goue medaljes “van eerste water”, maar wat van goud op droë grond? **– Jo**

Ek sit elke dag Beeld se voorblad in my klas se venster op en die kinders verdring mekaar opgewonde! 3 goues is ’n puik prestasie. Geluk! **– Bets Ferreira**

Elke keer as SA goud kry, skree ek so hard dat die bure my hoor en sing die volkslied so hard dat my hond tjank! **– Rita**

Ag, Anna, wat het die volkslied met die puik prestasie van vier roeiers te doen? Kyk eerder hoe Bafana al kouende die volkslied probeer sing. **– Steven**

Besef die hoof van Saskok dat roeiers net swem as hul kano omslaan? **– SFG**

Al ons goudwenners was verras dat hulle dit kon regkry. Gee hulle beste afrigting sodat hulle glo hulle kan. **– Christine**

Maryna Lamprecht se berig oor Meyer du Toit is sensasioneel. Lees ’n mens mooi, sien jy hy het tog nie soveel minder gekry vir sy plaas nie. **– Riana**

Willie, om van Santiago by N-Seeland te kom, moet internasionale datumlyn oorgesteek word; dan verloor jy ’n dag. **– JS**

Doep, Mapungubwe is ’n natuurwonder. Wild is nie alles nie; rotsformasies en klippe is onbeskryflik mooi. **– Connie**

Is Steve se koms na 7de Laan dalk hoekom Zinzi uitgeskryf is? Klink vir my na omgekeerde regstellende aksie. **– WEB**

Wat ek uit 7de Laan geleer het, is dat ek my tyd beter kan benut. **– Pixie**

Lerato se foto van die vrou in plakkerskamp het my aan hart gegryp! **– MJB**

Die twee wat die man stenig, het gedink hulle is *township heroes*, nou word hulle *jailbird zeros*. My meegevoel aan die man se familie. **– Dewald VGenter**

Die mense wat so ongeërg staan en kyk hoe ’n man doodgeslaan word, behoort ook van moord aangekla te word. **– Nico**

Raad aan DA: Werf Juju en die DA kom gouer in regering. Ek is ’n oudveiligheidspolisieman. Glo my, dit werk! **– Fanie**

Boer skuldig aan moord op kind kry ligte vonnis. Iemand moet verduidelik. **– Idol**